13 November 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade
1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Hartlike welkom by Hoogland se baie spesiale Familiediens & GVG Afsluiting!

Baie dankie aan al die GVG Mentors vir die liefde waarmee hulle weekliks die gemeentekinders kom bedien het. Groot waardering en dank vir elke ouer wat hul doopbelofte so getrou nagekom het en deel was van die GVG bediening die afgelope jaar!

Hoogland-gesinne word uitgenooi na die afsluitingsgeleentheid direk na die erediens in die Saal, waar daar kersversierings gemaak word vir die Kerssangdiens.

Hoogland Kerssangdienste

Sondag, 20 November 2022

09:00 & 18:30

Dieselfde program sal by beide dienste gevolg word.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens - Familiediens : Ds Pieter Nel

Lofkabouters tydens die erediens

10:00 Geloofsvormingsgroepe afsluiting in die saal

Deurkollekte : Sin. Jeug

Program vir die week

Woensdag: 16 November
10:00 Gesamentlike Bybelstudie Afsluiting

Vrydag: 18 November
05:30 Mannebediening in die GROT
19:00 Kerkraads Afsluiting

Sondag: 20 November
09:00 & 18:30 KERSSANGDIENSTE
(dieselfde program by beide dienste)

Matrieks - Lekker leer hierdie week en byt vas!
Hoogland bid steeds getrou saam!
Aan al Hoogland se studente en ander jongmense wat ook tans besig is met julle finale eksamens - mooi leer.

Die kerkkantoor is besig met die finalisering van die 2023 Jaarprogram. Dit sal binnekort beskikbaar wees.

Uit die Kerkraad

Beroep van medeleraar:

Sunell Ribbens is op 7 November as medeleraar in 'n voltydse pos beroep na Hoogland. Die beroep word nou vir twee Sondae afgekondig, waarna sy twee weke het om te antwoord op die beroep. Mag ons Here Jesus Christus Sy wil aan haar duidelik bekend maak.

Verkiesing kerkraadslede

Die volgende lidmate is tydens die Kerkraadsvergadering van 7 November tot die kerkraad her– of verkies:

Ouderlinge herkies: Wynand Breytenbach, André Venter en Petro Meiring

Ouderlinge verkies: Paul Stoltz, Ivan Ellis, Danie Venter en Jacques van Niekerk

Voorsitter: Ds Pieter Nel

Ondervoorsitter: Ferdi Röhm

Ons vra ook u voorbidding vir hulle.

Geloof deur liefde tot dade : Seisoene van Gee

Leef jou geloof deur liefde tot dade deur een van die volgende omgee projekte:

- **Geskenkies vir Senior Lidmate** - Geskenkies ter waarde van R40-R50 word bymekaar gemaak vir ongeveer 60 van Hoogland se Senior Lidmate - (toiletware/pakkie koekies/lekkers/droeë vrugte/mooi koffiebeker)
- **Eluthandweni kospakkies** - Hoogland maak jaarliks vir Eluthandweni kospakkies bymekaar. Enige nie-bederfbare blikkies kos/toiletware (tandeborsel, tandepasta, seep, waslappie, ens.)/koekies/koeldrank/ ens. is baie welkom.

Geskenkies kan by Gemeentedienste, in die gemerkte houers, gelaat word Sondae, of by die kerkkantoor afgegee word gedurende die week! Alle geskenkies moet ***teen 1 Desember*** afgegee word sodat dit betyds afgelewer kan word voor die kantoor vir die Feestyd sluit.

Uit die Hart... `n voorsmakie van die Kerssangdiens

Kersfees is op ons. Die klokke het in Oktober al begin lui en Boney-M kielie elke jaar my ore 'n rapsie vroeër en Facebook gons of dit al te vroeg is om die kersboom op te slaan.

Vanjaar besluit ek om na te lees oor die oorsprong van Kersgebruike. Kersboom. Kersvader. Kerskaarte. Kersversierings. Kersgeskenke. Kerskranse. Kersliggies. Kersfeesbokke. Kersklokke. Kerskoekies. Kerskouse... enige kers+iets... Wat is dan nou heidens en wat nie. Dit is nie te moeilik nie. Ek spring braaf op Google:
"father+christmas+history" – 298 000 000 trefslae (2022)
My moed val maar klim weer op – ek laat my nie so vinnig onderkry nie! Ek besluit om by die kersboom te begin: 295 000 000 trefslae.

Ek begin in my eie geselskap wonder hoekom ek op 'n missie is om die duiwel in Kersfees op die lappe te bring en te ontmasker vir die skurk en kwaadstoker wat hy is. Dalk is dit omdat ek nie meer tevrede is met die manier hoe ek en my mense Christus Jesus se verjaarsdag vier nie. Ek voel elke jaar meer iesegrimmig terwyl Kersfees nader kom.

Sommige webwerwe moedig mense aan om op te hou om Kersfees te vier. Dit is immers oorgeneem deur wêreldse gebruike en tradisies. Daar is weinig positief aan die tipe uitkyk.
Watse boodskap word oorgedra aan 'n verlore wêreld? Daar is mos nie hoop in so 'n houding nie.

Toe neem ek 'n besluit: wat van as ek anders dink oor al die Kers+iets - goete. Ek gaan nie satan soek in alles nie, maar eerder verkondig dat Christus in Kersfees is. In elke kersboom, kers en lig, in elke stal-uitstalling, engel, elke leë boks wat met geskenkpapier toegedraai was en is... en dalk ook in elke kruis...

Hierdie is die getuienis van die kersboom...

Ds Pieter